

PRYSUITDELING NORME BELEID 2020

Indeks

1. ALGEMEEN	bl. 3
2. AKADEMIE	bl. 4
3. KULTUUR	bl. 6
4. SPORT	bl. 9
5. LEIERSKAP	bl. 13
6. BUITE-SKOOL SPORT en KULTUUR	bl. 13
7. SKOOLBESOEK	bl. 14
8. TROFEë	bl. 14

1. ALGEMEEN:

Dit is die beleid van Laerskool Goudkop om diplomas, boekpryse, trofeë en erekleure (balkie) toe te ken. Graad 1 tot graad 7-leerders sal in aanmerking kom vir die toekennings. Graad R-leerders ontvang elkeen 'n diploma vir bevordering na graad 1 (indien skoolgereed).

Norme moet meetbaar wees, anders word toekennings nie gemaak nie.. Alle toekennings moet op voog kaarte/leerder profiel kaarte aangeteken word. Die beste akademiese presteerders van graad 4 tot graad 7 ontvang elke kwartaal top tien balkies volgens hulle akademiese prestasies.

Toekennings sal gedurende die vierde kwartaal na samestelling van die jaarpunt gemaak word. Die jaarpunt word volgens kwartaal 1-3 se punte bereken.

Alle kultuur en Sportaktiwiteite sal toekennings ontvang vanaf hoogste vlak van prestasie wat moontlik behaal kan word, byvoorbeeld:

Hoogste vlak	Erekleure balkie met Uitnemende diploma
Tweede hoogste vlak	Goue diploma
Derde hoogste vlak	Silwer
Vierde hoogste vlak	Brons

VOORBEELD 1: LANDSDIENS:

Nasionale kleure verwerf	*Goue diploma (Uitnemend) met erekleure balkie.*
Deelname aan SA's	*Goue diploma*
Noordwes kleure	*Silwer diploma*
Deelname aan landsdiens	*Brons diploma*

VOORBEELD 2: RUGBY (INDIVIDU):

Lid van Luiperd span	*Goue diploma (Uitnemend) met erekleure balkie.*
Lid van Noordwes span	*Goue diploma*
Lid van KOSH A-span	*Silwer diploma*
Lid van KOSH B-span	*Silwer diploma*

VOORBEELD 3: **NETBAL (SPAN):**

Noordwes wenners	*Goue diploma (Uitnemend) met erekleure balkie.*
Noordwes naaswenners	*Goue diploma*
KOSH-liga wenners	*Silwer diploma*
KOSH-liga naaswenners	*Brons diploma*

DAAR WORD VIER VERSKILLENDE SOORTE DIPLOMAS UITGEGEE, NAAMLIK:

Uitnemende Diploma	Gemiddeld bo 90%, SA-wenner, ens.
Goue Diploma	Top tien, Noordwes Naaswenner, ens.
Silwer Diploma	KOSH-span wenner, Super 8-wenners, akademiese prestasie, ens.
Brons Diploma	Snoepie diens, Skolierpatrollie, deelname

2. AKADEMIE:

Grondslagfase en Senior Primêre Fase word bereken volgens jaarpunt.

Diplomas word toegeken aan leerders wat aan die volgende vereistes voldoen ten opsigte van hul jaarpunt.

Akademiese prestasie met gemiddeld van 70% en hoër.

Akademiese prestasie met insluiting in Top 10.

Erekleure Top 10, indien leerder al drie kwartale op die top 10 was.

Akademiese Erekleure:

Graad 3 tot 7 leerders ontvang 'n balkie by ontvangs van 'n **derde goue akademiese** diploma (nie noodwendig agtereenvolgend nie). Hierna ontvang leerders wat kwalifiseer jaarliks 'n goue diploma met vermelding "AKADEMIESE EREKLEURE" en ouers het self die keuse om verdere balkies aan te koop.

Uitnemende Diploma

'n Gemiddeld bo 90%

Goue Diploma:

'n Gemiddeld vanaf 80% - 89%

Silwer Diploma:

'n Gemiddeld vanaf 70% - 79%

Brons Diploma:

Leerders wat deur die jaar duidelike waarneembare vordering getoon het, ontvang 'n brons diploma vir goeie vordering.

Graad 1 leerders wat geen ander toekenning ontvang vir akademie nie, sal 'n Goeie Akademiese vordering toekenning ontvang.

Graad 2 tot 3 leerders wat vanaf kwartaal 1 tot 3, 5% of meer persent gevorder het, sal 'n Goeie Akademiese vordering toekenning ontvang.

Die leerder wat die beste vordering getoon het gedurende die jaar, ontvang 'n brons diploma vir BESTE AKADEMIESE VORDERING. ***Slegs een leerder per klas.***

BOEKPRYSE EN TROFEë:

Hoogste gemiddelde persentasie in die klas:

'n Boekprys word vanaf graad 4 tot 7 toegeken in elke klas aan die leerder met die hoogste gemiddelde persentasie.

Boekpryse en Vak-trofeë:

Word toegeken aan graad 7-leerders wat die hoogste persentasie vir elke leerarea vir die jaar behaal het, met 'n minimum van 80% in die vak.

Die *Bardian*-skild is vir die tweede beste prestasie in Wiskunde. Wanneer twee of meer leerlinge presies dieselfde punt behaal het in 'n betrokke leerarea, ontvang elkeen van hulle 'n geskenkbewys en die trofeë word gedeel.

DUX-LEERLING:

Goue diploma, boekprys en trofee word toegeken aan die Dux-Leerlinge vanaf graad 4 tot 7.

3. KULTUUR:

KOOR / VOLKSPELE / ORKES:

Indien daar 80% meegeding of deelgeneem word, kan die leerders vir diplomas kwalifiseer.

Verdienste balkie word toegeken vir twee opeenvolgende jare se deelname met 80% bywoning.

Erekleure:

Erekleure word slegs toegeken aan leerders waar daar deelgeneem word aan ten minste twee erkende koor/orkes/volkspele kompetisies. Soos byvoorbeeld: *Sing in Harmonie, Eisteddfod en Allegreta kompetisies.* En met die behaal van sertifikate met A+ en hoër.

Goue Diploma:

Sertifikate met A gemiddeld

Silwer Diploma:

Sertifikate met B gemiddeld

Brons Diploma:

Deelname

LANDSDIENS:

Erekleure:

Nasionale kleure verwerf

Goue Diploma:

Deelname aan SA's

Silwer Diploma

Noordwes Kleure

Brons Diploma:

Deelname

MEDIA:

Leerders ontvang 'n diploma vir diens gelewer.

Goue Diploma:

Uitsonderlike diens in Mediasentrum.

Brons Diploma:

Lid van Media raad.

REDENAARS:

AFRIKAANS:

Daar is drie erkende kompetisies gedurende die jaar, naamlik; Skool Redenaars, ATKV en Super 8.

Radikale Redenaars word beskou as buite-skool deelname, aangesien dit oop is vir enige deelnemer en nie noodwendig in skoolverband nie. Slegs erkenning word gegee vir deelname. Geen Radikale deelname kom in aanmerking vir enige trofeë of erekleure nie.

Erekleure:

Balkie word toegeken by ontvangs van 'n gemiddeld bo 80% vir 2 jaar deelname by Goudkop Skool Redenaars.

Balkie word toegeken vir 'n 1ste – 3de plek by deelname aan die ATKV se Nasionale Finaal.

Geen ander diplomas hie?

Wisseltrofeë:

Hoogste aantal punte volgens die kriteria hieronder.

Trofee vir "Beste in Graad"

Graad 1 – 7 hoogste aantal punte volgens kriteria.

Trofee "Algehele wenner"

Junior afdeling gr. 1 – 3 hoogste aantal punte volgens kriteria.

Senior afdeling gr. 4 – 7 hoogste aantal punte volgens kriteria.

Trofee vir "Beste Junior ATKV Prestasie"

Leerder wat die vêrste gevorder het.

Trofee vir "Beste Senior ATKV Prestasie"

Leerder wat die vêrste gevorder het.

KRITERIA:

Skoolredenaars	**Punte**
Deelname aan Skool redenaars	1
Behaal 3de plek	2
Behaal 2de plek	3
Behaal 1ste plek	4
ATKV	
Dring deur na eerste ronde	1
Dring deur na halfeindronde	2
Dring deur na finaal	3
Behaal derde plek in finaal	4
Behaal tweede plek in finaal	5
Behaal eerste plek in finaal	6
Super 8	
Deelname	1
Behaal 3de plek	2
Behaal 2de plek	3
Behaal 1ste plek	4

ENGELS:

Kompetisie vind slegs op skoolvlak plaas. Daar is geen verdere kompetisie vir Engelse Redenaars nie.

Erekleure:

Balkie word toegeken by ontvangs van 'n gemiddeld bo 80% vir 2 jaar deelname by skool.

Goue Diploma:

Gemiddeld van 80% en hoër

Silwer Diploma:

Gemiddeld van 70% tot 79%

Brons Diploma:

Gemiddeld van 69% en onder, vir deelname.

Wisseltrofee:

Trofee word toegeken aan algehele wenner met hoogste persentasie.

SKOLIERPATROLLIE:

Leerders ontvang diplomas vir dienste gelewer:

Silwer Diploma:

Leier van skolierpatrollie

Brons Diploma:

Lid van skolierpatrollie

4. SPORT:

Reserwes kry dieselfde toekenning as die span, indien hulle vir 80% van die wedstryde reserwes was en ten minste een ligawedstryd vir die span gespeel het.

Norme geld vir sportprestasies binne skoolverband

TROFEë word toegeken aan 'n leerder wat die hoogste moontlike prestasie bereik het, binne sportkode.

Span-Erekleure, indien span NW liga wenners was.

ATLETIEK:

Erekleure:

Indien 'n atleet vir die Noordwes span gekies word en deelneem aan die SA kampioenskappe.

Wisseltrofeë:

Victrix 0/10 tot 0/13

Victor 0/10 tot 0/13

Junior seuns atleet van die jaar.

Junior dogters atleet van die jaar.

Senior seuns atleet van die jaar.

Senior dogters atleet van die jaar.

Beste Middelafstand atleet (dogter)

Beste Middelafstand atleet (seun)

LANDLOOP:

Erekleure:

Indien 'n atleet vir die Noordwes span gekies word en deelneem aan die SA kampioenskappe.

Wisseltrofeë:

Junior seuns landloop atleet

Junior dogters landloop atleet

Senior dogters landloop atleet

Senior seuns landloop atleet

BOOGSKIET:

Erekleure:

Indien 'n skut vir die Noordwes span gekies word en deelneem aan die SA kampioenskappe.

Wisseltrofeë:

Beste prestasie / vordering deur die jaar seun of dogter (slegs een trofee).

HOKKIE:

Erekleure:

Indien 'n speler vir die Noordwes span gekies word en deelneem aan die SA kampioenskappe.

Lid van skolespan, wat die wenner was van enige afdeling van die Noordwes finaal.

Wisseltrofee:

Hokkiespeelster/ hokkiespeler van die jaar.

KRIEKET:

Erekleure:

Lid van Noordwes span OF Noordwes-Stedelike span?

Lid van skolespan, wat die wenner was van enige afdeling van die Noordwes finaal.

Wisseltrofee:

Hoogste prestasie behaal.

NETBAL:

Erekleure:

Lid van Noordwes span

Lid van skolespan, wat die wenner was van enige afdeling van die Noordwes finaal.

Wisseltrofeë:

Beste Junior span (o/10 & o/11)

Beste Senior span (o/12 & o/13)

Beste Netbal Speelster, gebaseer op individuele prestasie.

RUGBY:

Erekleure:

Lid van Noordwes span

Lid van skolespan, wat die wenner was van enige afdeling van die Noordwes finaal.

Wisseltrofeë:

Beste rugbyspan van die jaar.

Beste rugbyspeler van die jaar, gebaseer op individuele prestasie.

TENNIS:

Ligawedstryde word gespeel in die tweede en derde kwartaal.

- 0/9 Liga Seuns en Dogters – speel dubbels en enkels
- 0/11 Liga Seuns en Dogters – speel dubbels en enkels
- 0/13 Liga Seuns en Dogters – speel dubbels en enkels

Erekleure:

Balkie word toegeken vir lid van Noordwes span, maar moet Noordwes ten minste eenkeer verteenwoordig het by 'n toernooi, in die jaar van die prysuitdeling (bewys moet gelewer word).

Diplomas:

Brons Diploma:

Deelname

Wisseltrofeë:

Junior Seuns kampioen	– nr. 1 speler	0/9 & 0/11
Junior Dogters kampioen	– nr. 1 speler	0/9 & 0/11
Senior Seuns kampioen	– nr. 1 speler	0/13
Senior Dogters kampioen	– nr. 1 speler	0/13

Beste tennisspan van die jaar: Hoogste plek behaal in 'n liga (moet A-liga gespeel het).

SKAAK:

Erekleure:

Indien 'n speler vir die Noordwes span gekies word en deelneem aan die SA kampioenskappe.

Wisseltrofeë:

Beste junior speler

Beste senior speler

5. LEIERSKAP:

LEERDERRAAD:

Goue Diploma:

Hoofleiers

Silwer Diploma:

Onder-Hoofleiers

Brons Diploma:

Leiers ontvang diploma vir dienste gelewer

6. BUITE-SKOOL SPORT en KULTUUR:

Erekleure of ander toekennings word nie vir enige buiteskool sport/kultuur aktiwiteite toegeken nie en die liggaam/organisasie waaronder deelgeneem word, is self verantwoordelik vir enige toekennings of erekleure. Alle deelnemers aan buite skool sporte en aktiwiteite, kry wel erkenning vir prestasies tydens saal opening op Maandae, indien die kinders dit saam skool toe bring.

Hieronder is die enigste uitsonderings:

SPORT:

Senior Fase:
1ste, 2de of 3de plek behaal op 'n SA-kampioenskappe ontvang 'n brons deelname diploma.

Geen erkenning word gegee vir beginners SA-kampioenskappe of laer vlak prestasie nie.

Grondslagfase:
Aangesien graad R- tot graad 2-leerders nog nie aan baie skoolaktiwiteite kan deelneem nie, as gevolg van hulle jong ouderdom kry hulle nog erkenning vir buitemuurse aktiwiteite, brons deelname diploma.

KULTUUR:

Musiek en ballet (graad 4 en hoër geslaag) ontvang 'n brons deelname diploma.

Erekleure:

Deelname aan Noordwes kinderkoor vir 'n tydperk van 2 jaar en met 80% bywoning, ontvang erekleure na afloop van die 2 jaar periode. Leerder moet gedurende hierdie tyd ook deel wees van die Goudkop Skoolkoor.

7. SKOOLBESOEK

Jaarliks moet skoolbesoek op leerder profiel aangedui word.

Wanneer 'n leerder van elders by ons skool ingeskryf word, moet daar amptelik bewys word vir jaar se 100% skoolbesoek.

Goue Diploma:

7 Jaar

Silwer Diploma:

6 Jaar

Brons Diploma:

1-5 Jaar

8. TROFEë

SPORT SEUN EN SPORT DOGTER VAN DIE JAAR:
Veelsydigheid met prestasie gekoppel – **slegs skolesport**.
Kriteria aangeheg.

Wisseltrofeë:
Junior Sport seun Graad 1 tot Graad 4
Junior Sport dogter Graad 1 tot Graad 4
Senior Sport seun Graad 5 tot Graad 7
Senior Sport dogter Graad 5 tot Graad 7

KULTUUR SEUN EN SPORT DOGTER VAN DIE JAAR:
Veelsydigheid met prestasie gekoppel – **slegs skool kultuur**.
Kriteria aangeheg.

Wisseltrofeë:
Junior Kultuur seun - Graad 1 tot Graad 4
Junior Kultuur dogter - Graad 1 tot Graad 4
Senior Kultuur seun - Graad 5 tot Graad 7
Senior Kultuur dogter - Graad 5 tot Graad 7

KFC-PRESTEERDER (ACHIEVER)
Word toegeken aan 'n leerder wat 'n besondere prestasie in akademie of sport of kultuur behaal het. Skoolaktiwiteite se prestasies kry voorkeur. Indien daar in die betrokke jaar nie 'n groot prestasie behaal is nie, sal buiteskool aktiwiteite in ag geneem word.

KFC-AMBASSADEUR

Word toegeken aan 'n leerder wat 'n besondere prestasie (ambassadeur) in akademie, sport of kultuur behaal het. Skoolaktiwiteite se prestasies kry voorkeur. Indien daar in die betrokke jaar nie 'n groot prestasie behaal is nie, sal buiteskool aktiwiteite in ag geneem word.

CONRADIE VEELSYDIGHEID Trofeë

Word toegeken aan 'n SEUN EN DOGTER wat die mees veelsydige prestasies in skoolaktiwiteite behaal het.

PRYSUITDELING

DINSDAG

Graad RR en –R prysuitdeling in skoolsaal

WOENSDAG

Oorhandiging van Silwer en Brons diplomas

DONDERDAG

Oorhandiging van Goue en Uitnemende diplomas

"Prestige aand"

Bogenoemde kan jaarliks verander op grond van hoeveelheid leerders erkenning ontvang.